**Vrydag 19 Mei**
**Skrifgedeelte: Johannes 2:1-12**
**Fokusgedeelte: Johannes 2:10, 11**
**Deur sy teenwoordigheid bring Jesus unieke feesvreugde in jou lewe en huwelik in**

In Johannes 2:1-11 maak ons kennis met die eerste Messiaanse teken wat Johannes uitgekies het om sy weifelende lesers na Jesus toe te lei. Deur die verandering van reinigingswater in 600 liter keurgraadwyn op die bruilof in Kana, sê die Here vir elkeen van ons: "Onthou, jy is deel van 'n feestelike Nuwe Bedeling. Lééf daarom ook feestelik in die teenwoordigheid van jou Koning!"

In die tyd toe Jesus opgetree het, was daar streng voorskrifte wat oor die waardigheid van die huwelik gewaak het. Onder andere was die bruidspaar en hulle gaste op die huweliksonthaal bepaalde dinge aan mekaar verskuldig. Die gaste moes gepaste geskenke bring, en die bruidegom en sy familie kon aanspreeklik gehou word indien hulle nie gul genoeg was in die betoning van hulle gasvryheid nie.

So gesien, was die berig dat die wyn opgeraak het, veel meer as net 'n ligte ontwrigting van die fees. Die bruidegom was diep-diep in die moeilikheid! Daarom was Jesus se huweliksgeskenk baie belangrik. In hierdie eerste Messiaanse optrede het Hy soveel as volledig ingestaan vir die weerlose bruidegom ... soos Hy later in die totale betekenis van die woord sou instaan vir ons wat ná die sondeval as weerlose aangeklaagdes voor God gestaan het!

Op wat Johannes die "derde dag" noem, het Jesus in Kana van 'n gewone bruilof 'n Messiaanse fees gemaak. Net omdat Hy dáár was, het Hy bruid en bruidegom met hulle gaste laat deel in die transformerende krag en sprankelende skoonheid van sy Messiaanse Ryk. Maak daarom soos die Emmausgangers in Lukas 24:29. Dring soos hulle opreg by Jesus aan om in jou huis en huwelik in te kom. Maak jou deure, jou hart, jou arms uitnodigend vir Hom oop. Hy sal inkom ... en deurlopend saam met jou 'n feesmaal hou (vgl. ook Op. 3:20)!

*Sing: Psalm 81-1:1*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (emeritus)*